Hoe om vir siekes te bid

(Uit: 'Gebed maak alles anders' geskryf deur Bennie Mostert, Carpe Diem uitgewers)

Daar is groot verwarring wanneer dit kom by die bid vir siek mense Hoe moet ons te werk gaan? Wat mag ons bid? Is dit die wil van die Here dat die persoon gesond word? Is alle siekte van die duiwel af? Mag net iemand wat die gawe van genesing ontvang het vir siekes bid?
Die volgende is basiese riglyne wat jy kan gebruik wanneer siekte ter sprake is.

1. Siekte kan basies drie oorsake hê:
    a) dit kan wees a.g.v. sonde in jou lewe,
    b) dit kan in demoniese aanval wees en
    c) *"normale"* fisiese siektes wat die Here in jou lewe toelaat.
2. Vra die Heilige Gees om enige sonde wat daar mag wees, aan jou uit te wys. Bely die spesifieke sonde(s) voor die Here en aanvaar sy vergifnis. Indien die Here jou so lei, kan jy saam met 'n medegelowige oor die saak gaan bid en dit saam met hom/haar in die lig bring. Dit gebeur dikwels dat die genesing kom sodra mense hulle sonde bely het. **Jakobus 5:16** verbind die bely van sonde en genesing aan mekaar: *"Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word*." **1 Korintiërs 11:27-32** sê dat as ons op 'n ongepaste wyse die nagmaal gebruik, dit siekte kan veroorsaak: *"Elkeen wat op 'n ongepaste wyse van die brood eet of uit die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die sonde teen die liggaam en die bloed van die Here... Daarom is daar baie swakkes en sieklikes onder julle en sterf daar baie van julle."* Hierdie *"ongepaste wyse"* van gebruik van die nagmaal, dui gewoonlik op onbelyde sonde in 'n persoon se lewe. Wanneer jy vir iemand anders se genesing bid, vra die Heilige Gees om die persoon te wys op enige vorm van sonde in sy lewe wat nog nie bely is nie en dat hy gewillig sal wees om dit te bely en te laat staan.
3. Siekte wat van die Bose kom, moet in die Naam van Jesus weerstaan word. Die probleem is egter om te weet wanneer dit 'n aanval van die Bose is. Bid tot die Here vir onderskeidingsvermoë; Hy is getrou, Hy sal vir jou wys wat die situasie is. In 'n geval waar jy nie doodseker is nie kan jy in elk geval bid en byvoorbeeld sê: *"Satan, ek weier om enige vorm van siekte wat van jou afkom te aanvaar, ek weier dit in die Naam van die Here Jesus en ek staan elke vorm van pyn/siekte wat jy oor my bring, teë. In die Naam van die Here Jesus weerstaan ek jou en jou aanvalle en beveel jou om jou van my te onttrek."*
    Die Satan kan in persoon ook siek maak as daar okkultiese bindinge in sy lewe is, swart magie op hom uitgeoefen word of d.m.v. vloeke wat oor hom/haar uitgespreek word. In sulke gevalle moet die persoon bevryding verkry van hierdie bindinge en die vloeke moet verbreek word in die Naam van die Here Jesus. Swart magie werk net wanneer iemand nie gered is nie of as daar onbelyde sonde in die persoon se lewe is.
4. Baie mense dink dat dit nie God is wat genees het as ons na die dokter toe sou gaan nie. Dit is beslis verkeerd om so te dink. God was en is by die ontwikkeling van die mediese wetenskap betrokke en Hy gebruik dokters en medikasie om mense gesond te maak. Dit is dus belangrik om vir die dokter te bid wanneer jy gaan vir 'n afspraak - dat hy die regte diagnose sal maak en die regte medikasie sal voorskryf.
5. Wanneer die Here siekte in jou lewe toelaat, is daar in bepaalde rede voor. Vra die Here om vir jou duidelik te maak hoekom Hy dit toelaat. Weet egter ook dat die Here nie verplig is om jou 'n antwoord te gee nie en ook nie altyd 'n antwoord sal gee nie. In sulke gevalle is dit goed om te aanvaar en stil te wees voor die Here.
6. Soms dink mense dat daar noodwendig iets met hulle verkeerd is as hulle siek is, dat hulle nie genoeg geloof het om gesond te word nie. Dit is wel waar dat God geloof van ons verwag. Maar God genees ook ongeag ons geloof.
7. Baie keer wil mense nie gesond word nie, omdat hulle dan nie meer al die aandag en simpatie sal kry nie en meer sal moet werk om hulle verantwoordelikhede na te kom as hulle gesond is. Bid vir 'n gewilligheid om gesond te word en genesing te ontvang.
8. Bid vir wysheid wanneer jy vir 'n persoon se genesing bid. Bid vir die leiding van die Heilige Gees. Iemand kan bv. hartprobleme hê en ons weet God kan dit genees. Maar moontlik is die persoon oorgewig en eet verkeerd. Dit sou beter wees om vir die persoon vir selfbeheersing te bid sodat hy homself kan dissiplineer deur minder te eet en gewig te verloor. Dit sal die oorsaak van die probleem wegneem. Vra o.a. vir die Here wat die siekte veroorsaak. Soms is dit onbelyde sonde uit die verlede-, soms is dit a.g.v. okkultiese bindinge; soms laat die Here dit toe om die persoon iets te leer, maar soms kan dit 'n aanval van die Bose wees. Afhangende van die

situasie, beteken dit dat ons telkens op ‘n ander wyse vir die persoon sal bid. Die Here kan siekte in ‘n persoon se lewe toelaat met die doel om die persoon te louter; die vrug daarvan is heiligmaking.

9. Verryk jou gebede met die Woord wanneer jy vir siekes bid. Neem die beloftes van God en bid daarvolgens. Onthou egter ook dat nie alle beloftes vir alle gevalle ter sake of geldig is nie.
10. Wanneer jy vir iemand wat siek is bid, moet jy onthou om jou gebed te deurweek met aanbidding en lofprysing. Dit bring eer aan God en werk ook geloof in jou eie hart. Veral waar daar sprake is van ‘n demoniese aanval, is die wapen van lofprysing en aanbidding baie belangrik.
11. Die beginsels van geestelike oorlogvoering, ons gesag in Christus en sy oorwinning oor die Bose, is van uiterste belang wanneer daar sprake is van ‘n demoniese aanslag. Ons moet die Bose in die Naam van die Here Jesus bind, sy werke verbreek en weerstaan.
12. Getuig van dit wat die Here gedoen het. Dit gee ander vrymoedigheid om te bid en versterk hulle geloof in God se vermoë om te genees. Sulke getuienisse dra dikwels by tot mense se bekering en ook die terugkeer van afvalliges.
13. Skryf dit neer wanneer jy vir iemand bid wat siek is en skryf die antwoorde daarop neer. Jy sal verbaas staan wanneer jy begin rekord hou van hoeveel mense vir wie jy gebid het, gesond geword het.
14. Die pa as die hoof en priester in die huis, moet vir sy gesin bid as daar siekte in die huis is. Die hele gesin moet egter leer om saam te bid vir ‘n siek familielid. Wanneer ‘n familie so saambid, versterk dit die familiebande en meelewing met mekaar. Ons is geneig om wanneer ons na ‘n dokter gaan, nie te bid nie. Dit is verkeerd.
15. Volgens navorsing is 50-80% van alle gevalle van mense wat dokters se spreekkamers besoek, mense wat aan psigosomatiese siektes ly. Dit beteken dit is siektes wat ontstaan a.g.v. psigiese/geestelike probleme. Dikwels is daar bitterheid, haat, onvergewens-gesindheid, spanning ens. a.g.v. pyn en seerkry uit die verlede en dit kan veroorsaak dat iemand fisies siek word. Om daardie siekte genees te kry, moet hierdie dinge uit die verlede bely en verwerk word.
16. 16. Dit is so dat die Here aan sekere mense ook die gawe van genesing gee. Dit beteken egter nie dat nét daardie Christene vir diegene wat siek is, kan en mag bid nie. **Markus 16:17-18** sê: *"Die volgende tekens sal voorkom by dié wat glo... hulle sal siekes die hande oplê en dié sal gesond word."* Gaan met vrymoedigheid na die Here en bid vir die siekes vir genesing. Dit is lankal tyd dat die praktyk van **Jakobus 5:13-15** weer die normale in die kerk van die Here sal word. *"As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente laat kom, en hulle moet vir hom bid en hom met olie salf onder aanroeping van die Naam van die Here. En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring: die Here sal hom gesond maak. As hy gesondig het, sal dit hom vergewe word.*
17. Daar waar die gemeente bymekaar kom moet daar vir die siekes by name gebid word. Die siekes behoort self gebring te word sodat daar vir hulle in die gemeente gebid kan word. **Jakobus 5** sê ook duidelik dat as daar iemand is wat siek is, hy/sy die onderlinge van die gemeente moet roep, sodat hulle die persoon met olie kan salf en vir hom kan bid.
18. Daar is verkillende "metodes" wat God gebruik om mense te genees:
    a) God genees deur die oplê van hande.
    b) God genees deur die salwing met olie en gelowige gebed.
    c) God genees soms mense by die gebruik van die nagmaal.
    d) God genees mense in antwoord op voorbidding vir hulle.
    e) God gebruik dokters en medisyne om mense te genees.
    f) God genees ook wanneer die individu vir sy eie genesing bid.
19. Wanneer jy vir iemand of vir jouself bid, moet jy onthou dat die genesing nie altyd oornag of onmiddellik kom nie, soms kan dit dae of weke neem voordat iemand se genesing volkome is.
20. In **Eksodus 15:26** noem die Here Homself **Jahwe-Ropheka** dit beteken: **die Here wat jou gesondmaak**. Dit is God se Naam, dit is wie Hy is, wat Hy kan doen en wat Hy vir ons wil doen. Wanneer jy vir siekes bid, bid tot God wat Homself **Jahwe-Ropheka** noem.